**15 April** | **Skrifgedeelte: Psalm 31**
**Fokusgedeelte: Psalm 31:6**

## My lewe is in u hande

Gaan dit elke dag goed met jou? Ek weet daar is baie dinge wat jy graag anders sou wou hê. Kan jy jou indink in al die somber krisisse wat jou kan tref? En die dood? Dawid het uit ondervinding geleer dat hy vir niks en niemand bang hoef te wees nie. Hoeveel keer het die Here hom nie gered nie! Dit is die heerlike sekerheid vir elke gelowige. Niks kan ons ooit van God se liefde skei nie (Rom 8:35-38). Selfs die dood hou nie vir ons enige bedreiging in nie (Ps 23:4). Toe Jesus sy versoeningswerk aan die kruis voltooi het, het Hy hierdie woorde uit Psalm 31 aangehaal (Luk 23:46).

Daar was in Jesus se hart ’n kalme rustigheid waarin ons ook kan deel. Elke gelowige behoort aan die Here. Ons hoef niks te vrees nie – selfs nie die dood nie. God is getrou.

*Sing: Psalm 31:6, 7*

*Ds. APC Duvenage (Emeritus)*